

ROEPING & RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

ISSN 1029-8754

Jaargang 62 Nr. 1



Mei 2014

Beskaafde samelewing/gemeenskap

Kerklik-godsdienstig

Gesinslewe

Staatkundig

Onderwys & wetenskap

Die Christelik-etiese grondslag, waarop die samelewing moet gedy, anders verbrokkel dit en stort uiteindelik in duie, met die gepaardgaande wanordelikheid.

Bybelse etiek meer as ooit tevore vir Suid-Afrika!

SO BELY DIE VCHO SY:

DOEL:

Die bevordering van

- ◆ Christelike opvoeding,
- ◆ Christelike onderwys en
- ◆ Christelike wetenskap

“Die hele Skrif is deur God in-gegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot tereg-wysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.” (2 Tim. 3:16 en 17).

GRONDSLAG

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

“Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug.” (Spreuke 1:7)

“Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.” (Matteus 28:18-19).

MISSIE

Om deur die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk – vgl. Hand. 1:8 ■

SKRIFLIG

Rom. 8:26-30

In Christus geregverdig en geheilig

Aan God is dit te danke dat julle met Christus Jesus verenig is. Hy het vir ons geword die wysheid wat van God kom: die vryspraak, die heiliging en die verlossing. – 1 Kor. 1:30

Ons beeld ons nie 'n geloof in sonder goeie werke nie, of 'n geregtigheid wat daarsonder kan bestaan nie. Die verskil is net: terwyl ons wel erken dat die geloof en die goeie werke noodwendig onderling saamhang, ons tog die regverdiging op die geloof grond, en nie op die werke nie.

Waarom dit gebeur, kan maklik verklaar word – as ons ons maar net na Christus toe draai: op Hom is die geloof gerig en aan Hom ontleen dit sy hele krag. Waarom word ons dan deur die geloof geregverdig? Omdat ons deur die geloof die geregtigheid van Christus ons eie maak. Net daar-deur word ons met God versoen.


Maar aan dié geregtigheid sou jy nie kon deel hê sonder om terselfdertyd aan die heiligmaking deel te hê nie. Want Christus is aan ons gegee tot geregtigheid, wysheid, heiligmaking en verlossing (1 Kor. 1:30). Christus regverdig dus niemand wat Hy nie tegelykertyd heilig nie. Want hierdie weldade is deur een ewige band saamgebind. Hy verlos derhalwe diegene wat Hy deur sy wysheid

verlig. En Hy regverdig die wat Hy verlos, en Hy heilig die wat Hy regverdig ...

Al onderskei ons ook die regverdiging en die heiliging, verbind Christus tog beide onafskeidbaar in Homself. Wil jy dus die geregtigheid in Christus verkry? Dan moet jy eers Christus besit. Maar jy kan Hom nie besit sonder om aan sy heiligmaking deel te hê nie – Hy kan nie in stukke verdeel word nie. Die Here laat ons dié weldade geniet alleen deur Homself vir ons te gee. Gevolglik skenk Hy beide tegelyk: die een nooit sonder die ander nie.

En so is dié waarheid duidelik: dat ons nie sonder die werke geregverdig word nie, maar nogtans nie deur die werke nie.

Inst. III, 16, 1

Here, laat ons as geregverdigdes daaglik ook meer van die heiligheid van Christus weerkaats. 

IN HIERDIE UITGAWE

Wetenskaplike integriteit	3
Die Christelike Staat	6
Godelike Wysheid – Spreuke	11
Etiese lewenspraktyk	15
Politiese landskap	18

Wetenskaplike integriteit

*P.H. Stoker, Skool vir Fisika en Chemiese Wetenskappe,
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom*

Wetenskapsbeoefening ter wille van deelname aan die waarheid is 'n roeping van die mens. Hierdie roeping het Adam alreeds in die Paradys ontvang. In Genesis 2:19, 20 word vertel dat God die diere na Adam gebring het om aan hulle name te gee. Adam het nie die diere geskep nie, maar God het. Volgens die Hebreeuse spraakgebruik word beheersingsreg verkry wanneer name aan dinge gegee word. Hierdie opdrag van God aan Adam bevestig die beheersingstaak van die mens.


Dit was ook die spraakgebruik in Hebreeus dat 'n naam uitdrukking moet gee aan die aard en eienskappe van 'n ding, wat benoem word. Dit beteken dat om die diere te benoem, Adam moes bepaal watter soort dinge hulle is. Hy moes hulle daarom noukeurig waarneem, analiseer en klassifiseer. Hierdie opdrag tot benoeming voer ons vandag nog uit deur ons wetenskaplike en daaglikse arbeid. Dit is ons plig om hierdie arbeid tot verheerliking van God te laat geskied. Die vorming van wetenskap kan dan beskou word as 'n aspek van die mens se kultuurmandaat.

Die vrugbaarheid van 'n wetenskaplike teorie kan bepaal word deur sy vermoë om probleme op te los en om deur die oplossings van probleme weer nuwe probleme na vore te bring. Hierdie proses bring 'n groei in kennis van die skepping en van die Skepper mee en dit tipeer die *normale voortgang* van die wetenskap. Dit word *normale wetenskap* genoem.

Thomas S. Kuhn het in sy boek getiteld *The structure of scientific revolutions* (bygewerkte uitgawe,

1970, University of Chicago Press), 'n nuwe beskouing van die ontwikkeling van die natuurwetenskappe gegee. Hy het 'normale' wetenskap gedefinieer as wetenskaplike prestasies wat gevestig is deurdat navorsers hierdie prestasies aanvaar en verder daarop voortbou. Die voortgang van so 'n gevestigde vakgebied word volgens Kuhn deur 'n *paradigma* bepaal. 'n Paradigma behels die geheel van *geloofsopvattinge*, waardes, tegnieke, metodes, en so meer, wat lede van 'n wetenskaplike gemeenskap aanvaar vir beoefening van 'n betrokke vakgebied. In die Fisika van die negentiende eeu was bv. die meganika van Newton so 'n paradigma, in die twintigste eeu is dit die kwantumeganika en die relativiteitsteorie. Dit het 'n nuwe denkraamwerk, 'n nuwe paradigma vereis. So 'n verandering in paradigma noem Kuhn 'n wetenskaplike revolusie. Ná 'n wetenskaplike revolusie kyk die wetenskaplikes nog na dieselfde wêreld, maar hulle denkraamwerk (hulle wêreldbeeld) het verander. Hulle sien nou dieselfde wêreld anders.

Navorsers word eers na jare van grondige opleiding deur 'n wetenskaplike gemeenskap aanvaar, eers nadat hulle deur eie navorsing bewys gelewer het dat hulle vertrouwd is met die uitgangspunte, taal, metode en wyse van benadering tot die vakgebied. Bewese ervaring in die denkraam van 'n paradigma is 'n voorwaarde vir erkenning deur die gemeenskap van 'n vakgebied. Jy sal wetenskaplik nie aanvaar word as jou denke nie aansluit by die gangbare nie, behalwe as die tyd ryp is vir 'n revolusie in denke en



jou teorie of beskrywing oortuigend beter is as die gangbare.

'n Wetenskaplike probleem word met behulp van die begrippe en insigte vanuit 'n paradigma geformuleer. 'n Probleem wat nie sodanig geformuleer is, is geen wetenskaplike probleem nie. Slegs 'feite', wat by die teorie inpas, word daadwerklik aanvaar. Waarnemings is daarom paradigma-bepaald. Wetenskaplikes doen dus hulle waarnemings en teoretiese bewerkings binne die konteks van die heersende paradigma en interpreteer hulle resultate in terme daarvan.

Teoretiese kennis

'n Wetenskaplike teorie het 'n ander funksie as om die werklikheid te beskryf. Sy funksie is om (1) te voorspel, om (2) te beskryf, om (3) probleme op te los en om (4) ons kennis te sistematiseer.

Alle menslike kennis begin by *konkrete geheelkennis*. Hierdie soort kennis is *konkreet* omdat dit kennis van bepaalde dinge, persone, diere, plante, gebeur-

Vervolg op bl. 4

Vervolg van bl. 3

tenisse of wedervaringe is. Die konkrete geheelkennis is 'n *geheel* omdat dit kennis van 'n volledige geheel is, byvoorbeeld 'n koei wat op 'n grasveld wei. Die twee: koei en grasveld, hoort bymekaar. Hulle vorm 'n konkrete geheel, o.a. 'n geheel in lewensiklusse: die koei het die gras nodig om te leef, maar die gras het die koei nodig om te bly groei deur bemesting en kort gehou te word.

Waar dit in konkrete kennis om dinge as 'n geheel gaan, moet die geheel in baie spesifieke deelstelsels verdeel word om *teoretiese kennis* van elke deelstelsel te verkry. In ons teoretiese kennis word ons konkrete ervaring van die werking van die wêreld volgens universeel- (algemeen-) geldende teorieë en wette georden. In ons teoretiese benadering vereenvoudig ons die geheel deur in bogenoemde voorbeeld die koei en gras in afsonderlike wetenskapsdissiplines t.w. dierkunde en plantkunde, te skei. Bodemkunde, die medium waaruit die gras groei, vorm dikwels ook nog 'n afsonderlike dissipline. Hierdie dissiplines word weer in deelstelsels in meer detail ontleed. Dit beteken dat ons ons kennis oor die wyse waarvolgens die ervaringswêreld funksioneer, opbreek in afsonderlike teorieë en wette. Deur hierdie afsonderlike teorieë en wette verkry teoretiese kennis sy besondere krag om ons ervaringswêreld te orden.

Teorieë en wette is egter gebou op voorwetenskaplike veronderstellings, veronderstellings wat dikwels implisiet aanwesig is, wat nie wetenskaplik bewys kan word nie en wat ten diepste 'n saak van religieuse geloof is. Wetenskaplike ondersoekinge rus op bepaalde aannames omtrent die wêreld. Wetenskap is nie moontlik voordat daardie aannames in

plek is nie. Whitehead noem dit "geloof dat wetenskap moontlik is" wat die ontwikkeling van ware wetenskaplike teorie vooraf gaan. Whitehead verduidelik: Hierdie geloof berus op bepaalde uitgangspunte soos wetsgebondenheid van die skepping (natuur) – wat volgens hom voortspuit uit die leerstuk dat die wêreld 'n goddelike skepping is.

Wetenskaplikes van alle gelowewerk saam in die beoefening van wetenskap, of dit 'n heiden, of 'n Griek, of 'n Christen of 'n Jood is. Die Bybel getuig dat alle kennis wat die wetenskap deur navorsing verkry, die menigvuldige wysheid van God in die skepping openbaar (Efesiërs 3:10). Slegs Bybel-gelowiges sien in hierdie kennis die menigvuldige wysheid van God, wat alles geskep het en steeds in stand hou.

Voortgang van wetenskapsbeoefening

In die Middeleeue het die skolastiese die antieke Griekse wysgeer, Aristoteles, se filosofie by Christelike leringe aangepas. Christelike Aristoteliane het gevolglik God primêr in terme van rasonele Denke gesien, Wie se gedagtes deur logiese analyses bekend word. Aan die einde van die Middeleeue was Aristotelianisme die omvattende lewens- en wêreldbeskouing. Hierdie lewens- en wêreldbeskouing was ingebed in die skolastiese onderrig in alle Rooms-Katolieke en die meeste Protestantse Universiteite.

Die wetenskaplike revolusie, wat met die Renaissance begin het, het baie fasette van die Aristotelianiese lewens- en wêreldbeskouing uitgedaag, veral in sterrekunde en fisika. Aristotelianisme het egter 'n blywende bydrae tot biologie bly lewer. Dit was te verwag, omdat biologie die bron van fundamentele ideë was en die veld was waar hierdie

ideë toegepas kon word.

In *Mystery of the cosmos* skryf die Duitse sterrekundige, Kepler (1571-1630), dat wiskundige harmonieë in die gedagtes van die Skepper bepaal waarom die grootte en bane van hemelliggame is soos dit is en nie anders nie. Dit impliseer dat deur wiskundige noodwendighede die struktuur van die wêreld, soos ons dit waarneem, kousaal bepaal word. Neem ons die geloof in die Skepper en Onderhouer weg, dan is die band tussen wat ons waarneem en die wiskundige beskrywing 'n absolute, 'n onveranderlike band, 'n verbintenis wat nie anders kan wees nie. In hierdie deterministiese wetenskapsbeskouing kom God die Skepper en Onderhouer nie meer in sig nie.

In 1850 was leiers in die wetenskap en filosofie nog Christene, wat die Bybel as 'n openbaring van God aanvaar het. Hulle het geglo dat die aarde wat hulle bewoon, deur God geskep is, dat Hy wyse natuurwette daargestel het en vir organismes dit moontlik gemaak het om volmaak by mekaar en hulle omgewings aan te pas. Dit was die grondslag van die wetenskaplike denke van die Westerse mens voor Darwin se 1859-publikasie van *On the Origin of Species*. Die basiese beginsels wat Darwin in hierdie publikasie voorgestaan het, was geheel en al in stryd met die tóe heersende denke. (Ernst Mayr Darwin's influence on modern thought, Published in *Scientific American*, July 2000:67-71).

Darwin het in 1859 die idee van natuurlike seleksie gebruik om gerigte veranderinge in biologiese organismes te beskryf. Dit is nie 'n fisiese krag wat veranderinge laat plaasvind onder die werking van natuurwette nie. Natuurlike seleksie is 'n mega-

Vervolg op bl. 5

Vervolg van bl. 4

nisme waardeur minderwaardige organismes verwyder word uit die biologiese versameling. Volgens Mayr is natuurlike seleksie 'n eenvoudige idee met 'n merkwaardige vermoë om op 'n gerigte wyse minderwaardige organismes te verwyder. Darwin se tydgenoot, die filosoof Herbert Spencer, het hierdie metode van verwydering beskryf as die oorlewing van die sterkstes.

In die evolusionêre biologie word met begrippe soos mededinging, geslagskeuse, seleksie, opvolging en oorheersing gewerk in plaas van met wette. Darwin het weggedoen met wette in teoretiese beskrywings. Darwin het ook weggedoen met bonatuurlike verskynsels en oorsake. God as Skepper en Onderhouer het hy nie erken nie. Alles moet naturalisties (vanuit die natuur) beskryf en verklaar word.

In die plek van die wesenlike, die tipologiese denke (wat duidelik deur God in sy Woord, die Bybel, openbaar word – byvoorbeeld die skepping van lewende wesens volgens hulle soorte – kyk Genesis 1:21, 24 en 25) het Darwin 'n totaal nuwe begrip ingevoer, wat vandag as populasiedenke bekend is. Die gedagte word daarop gegrond dat geen twee van die meer as ses duisend miljoen mense op aarde dieselfde unieke eienskappe het nie. Alle mense is unieke en besondere individue.

Variasie tussen individue en volke is nie wesenlik nie, maar verskille is slegs statisties van aard. Hiermee het Darwin konstantheid van bevolkings ter syde gestel, en het hy 'n geskiedkundige denke in die wetenskap gevestig. Bioloë Thomas Huxley and Ernst Haeckel het deur hulle streng vergelykende anatomiese studie aangetoon dat mense en ape gemeenskaplike voorvaders het. Die teorie van gemeenskaplike afstamming het die mens van sy voorheen bevoorregte posisie as kroon van die skepping beroof.


Om saam te vat, Darwin se grootste bydrae was om 'n nuwe stel beginsels daar te stel, waardeur hy die denke van elke individu beïnvloed het – die lewende wêreld kan deur die teorie van evolusie verklaar word sonder om die bonatuurlike, die wesenlike (essentialisme) of tipologie te betrek. Populasiedenke moet in die plek hiervan aanvaar word, met uitgangspunt dat alle individue uniek is (dit is vandag belangrik vir opvoedingsdoeleindes en om rassisme teen te spreek). Natuurlike seleksie, toegepas op sosiale groepe, is voldoende om rekenskap te gee van die oorsprong en uitleef van onbaatsugtige etiese stelsels, van kosmiese teleologie (doelgerigte nastreef van heiligheid), wat 'n innerlike proses is, wat die lewe lei tot al hoe groter volmaaktheid en volkomenheid. Dit alles gebeur deur suiwer materialistiese proses-

se – ons toekoms is geheel en al in ons eie evoluerende hande.

Reformasie of deformasie?

Deformasie word deur *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT), onder andere met betrekking tot die kerk, beskryf as “afdwaling van die kerk”; alternatiewelik “die stuur van die kerk op 'n dwaalspoor sodat dit in wanpraktyke verval, teenoor reformasie”. Dit is presies die resultaat van Darwin se bydrae tot die wetenskap. Die wetenskapsdenke sedert Darwin het deformasie van gereformeerde Bybelgefundeerde denke in die hand gewerk.

Beteken dit dan dat wetenskap 'n middel tot reformasie kan wees? Prof. AWG Raath het in sy artikel “Die Wetenskap as middel tot Reformasie” hierop positief geantwoord (In: “Die idee van reformasie, gister en vandag”, *Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO*, Reeks F: Instituut vir Reformatoriese Studie, Reeks F3: Versamelwerke, Nommer 41. 1991:442-475).

Prof. Raath gaan in sy artikel uit van die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing dat die soewereiniteit van God, die Koningskap van Christus en die lig van die Heilige Skrif vir elke faset van die mens se lewe geld. Dit bepaal die integriteit van die mens se wetenskapsbeoefening. 

In 'n werk getiteld *Wysgerige temas*, skryf prof. AE Venter in 'n hoofstuk oor die Etiek: “Mens en Medemens” die volgende (bl. 36-37):

Ons gaan dan oor tot 'n meer positiewe uiteensetting, en vra in die eerste plek: waar moet ons die sedelike soek en vind? Dit is duidelik dat ons die sedelike nie aantref in die natuurryk nie; ons vind dit nie by dinge, plante en

diere nie. Alleen die mens is 'n sedelike wese.

As vanself verrys die volgende vraag: wáár in die mens moet ons na die sedelike soek? Natuurlik is die menslike persoonlikheid 'n eenheid en daarom is die sedelike steeds innig verweef met die volle mens. Tog bly die sedelikeheid slegs 'n bepaalde aspek, handeling of funksie van sy persoonlikheid. Daar moet derhalwe

'n relasie bestaan wat op unieke wyse uitdrukking gee aan die mens se sedelikheid. Dit vind ons alleen in die verhouding van mens tot medemens geopenbaar. Sedelikheid is primêr 'n intra- en intermenslike gegewe.

Vervolgens moet ons nagaan watter verskynsels die spesifiek sedelike as sodanig openbaar.

Die ideaal van die Christelike staat

Hierdie artikel is met goedkeuring van die betrokke redaksie oorgeneem uit
Die Boodskapper van September 2011
AWG Raath

Die Bybelse eise vir die staat


Volgens die Bybel is onderlinge welwillendheid die sleutel tot 'n ordelike en rustige gemeenskap. Liefde vir die medemens en openbare geregtigheid is die Bybelse eise vir 'n respekvolle, vreedsame, godvrugtige en geseënde samelewing. Soos wat die liefdesgebod tussen individue geld, het die regering die plig om openbare geregtigheid jeens alle onderdane toe te pas. Om dié rede word die landsregering in die Bybel met die versorgingsplig van vaders vergelyk. Die welsyn van die naaste en die onderdane het onder meer ten doel die veiligheid van die medemens (Heidelbergse Kategismus (1563) (HK) V/A101). Dit geld eweseer die onderdaan se verhouding to en gesindheid jeens owerhede en alle gesag (HK V/A104; Efés. 6:1-2; Kol. 3:18,20; Efés. 5:22, Rom. 1:31). Van hul kant word van onderdane verwag om begrip te hê vir die sondige gebreke en neigings van die regering (kyk Spr. 23:22) [kyk ook *Tweede Switserse Belydenis* (1566) art. 30(6)] omdat Christene hulle in 'n sondige en vervalde wêreld bevind.

In sy brief aan die Romeine skryf Paulus wat die essensie van die Christelike staat behoort te wees. In Romeine 13 stel Paulus die beginsels wat vir sowel die burgerlike owerheid as die burgers in die Christelike staat geld, soos dit ook in ander Skrifgedeeltes vervat is: 1 Petr. 2:11-17 en Hand. 5:29. Van die burger word verwag om die owerheid wat oor hul gestel is, te gehoorsaam en om die nodige eer aan die owerheid

te betoon.

Paulus vermaan Christen-gelowiges om die burgerlike regering te gehoorsaam vir sover daar nie van hulle verwag word om in stryd met God se wil en sy Woord te handel nie. Die kernbeginsel van die gehoorsaamheid wat Paulus aan die gelowiges voorhou, is dat hulle as Christene 'n voorbeeld moet stel van die Bybelse eise wat vir alle mense in alle omstandighede op politieke terrein geld. Die perke van gehoorsaamheid geld egter eweneens: Mits hulle nie in hul gehoorsaamheid aan die regering in stryd met God se Woord handel nie. Die Christelike beginsels van toepassing op die staat eis egter ook van die burgerlike owerheid dat die burgery sodanig regeer moet word dat alle mense in die land 'n rustige en stil lewe kan lei (let ook op die *Westminster Geloofsbelydenis* (1647) art. 23).

Op sy beurt moet die regering God as die Gewer van alle aardse gesag eer (Efés. 6:5-6; Kol. 3:19,21; Rom. 13:1-8; Mt. 22:21). Die *Tweede Switserse Belydenis* van 1566 (art. 30) stel dit onomwonde dat God regerings instel en gesag aan hulle gee ter wille van vrede en rustigheid van die mensdom en dat God bo alles verheerlik moet word. Die naasteliefde en openbare geregtigheid wat deur die regering beoefen moet word, het belangrike implikasies (HK V/A 105): Die fisiese integriteit van alle mense in die land moet beskerm word (Mt. 5:21-22; Spr. 12:18; Mt. 26:52); alle wraaksug moet teengegaan word (Efés. 4:26; Rom. 12:19;



Mt. 5:39-40); alle lewensbedreiging moet verhoed word (Mt. 4:57; Kol. 2:23); die owerheid moet moord en doodslag verhoed (Gén. 9:6; Mt. 26:52; Rom. 13:4) en die regte van onderdane beskerm.

Die Christelike belydenis oor die staat

Tydens en kort na die Reformasie in Duitsland, Switserland en Frankryk, is protestantse Christene deur burgerlike owerhede op grond van hul geloof geminag, vervolgd, onderdruk en selfs vermoor. Hulle eiendom is gegryp, hul besittings gekonfiskeer en wapens om hulself te beskerm, is hulle ontnem. Sommige protestante vlug oor die grense van hul land, andere skuil in gate en andere vergader in die geheim ten einde hul geloof te beoefen. In lande waarin die gereformeerde belydenis opbruis en gereformeerde Christene in onsekerheid verkeer aangaande hul

Vervolg op bl. 7

Vervolg van bl. 6

regte en verpligtinge teenoor die burgerlike owerheid, kry protestantse belydenisskrifte beslag waarin die Bybelse beginsels met betrekking tot die optrede van regerings en onderdane uiteengesit word (kyk enkele belydenisskrifte: *Confessio Helvetica Prior et Posterior*; die *Leerartikels van die Bernse Sinode (art. 24)*; die *Anglikaanse Belydenis en die Erlauter Belydenis*).

Die *Nederlandse Geloofsbelydenis* (N.Gb.) (1561) is een van talle protestantse belydenisse waarin die Christelike belydenis oor regering en onderdaan in die staat kernagtig saamgevat word. In artikel 36 word die verpligtinge van burgerlike owerhede en onderdane duidelik uitgestippel. Die Bybelse grondslag daarvan eis van alle owerhede om aan die Bybelse eise van liefde, respek en welwillendheid te voldoen ten einde vrede en geregtigheid op die politieke terrein te verseker. Die kern is kort en kragtig: Sowel owerhede as onderdane moet vir hul eie welsyn en vir die versekering van orde en geregtigheid volgens God se wil optree en die sondige menslike begeertes van wraaksug, disrespek, geldroof, verkwisting, onverantwoordelike optrede, onetiese gedrag en mag-sulus kruisig.

Die gevolge van die verwerping van liefde vir God en God se woord deur owerhede en onderdane

Die Bybelse eise vir sowel regering as onderdaan is in die wêreldgeskiedenis egter telkens oortree, deur tirannieke en revolusionêre regerings geminag en deur oproerige onderdane verwerp. Die resultate van sodanige optrede staan op bykans elke bladsy van die wêreldgeskiedenis geskryf. Telkens wanneer burgerlike regerings en onderdane in stryd met God se Woord gehandel het, is

lande in ellende gedompel, bloed onder die vaandel van geregtigheid vergiet en lande en volkere deur armoede, hongersnood, oorloë en wanorde geteister. Die Suid-Afrikaanse geskiedenis getuig ruimskoots daarvan. Britse imperialisme se grypsug en inmenging lei daartoe dat die lewe vir die gereformeerde grensboere ekonomies en sosial-maatskaplik onhoudbaar word, 'n vreemde taal word in hul kele afgeforseer en dat vreemde ideologieë in die onderwys en selfs in die kerklike lewe ingevoer word.

Die resultaat daarvan was, soos die Engelse goewerneur, sir Benjamin D'Urban dit stel, dat die Voorrekker-Boere, wat die "ruggraat van die land" was, hulself na die binneland begeef het. Die tydperke voorafgaande aan die Eerste en Tweede Vryheidsoorloë herhaal dié proses homself met die gevolglike lewensverlies en geweld wat tot die imperialistiese grypsug voortspruit. Huidig het die verwerping van God se standarde vir vrede, veiligheid en voorspoed in Suid-Afrika 'n openbare kultuur van moord, roof en grypsug van ongekende omvang tot gevolg asook uitsprake en oproepe deur regeringspolitici wat in gemak en weelde leef, roekelose stellings maak en moord en geweld liefdeloos, onregverdiglik en op onbybelse wyse aanstook.

Die Bybelse eise van liefde vir regering en onderdaan is praktiese maatstawwe

Die Bybelse eise aan die staat is nie holle verwagtinge, teorieë of blote hersenskimme nie. Dit is God se direkte bevele wat op alle vlakke van die politieke lewe geld ter versekering van geregtigheid, rus en voorspoed vir die hele samelewing. Voorts geld dit ook nie slegs vir Christelike owerhede nie, maar is dit as voorwaardes vir alle regerings en onderdane in alle state wêreldwyd gestel. God se Woord stel die eise waaraan regerings en onderdane moet

voldoen sodat die meeste vryheid, verantwoordelikheid, openbare rus en respek vir die medemens in die samelewing tot uitdrukking kan kom. Selfs heidense regerings kan die vrugte van liefde en geregtigheid pluk indien hulle die universele beginsels van liefde, respek en welwillendheid van die Bybel toepas.

Die Bybelse eise van die sentrale liefdesgebod geld vir alle lande, regerings en onderdane. Die Tien Gebooe geld as standaard vir die optrede van alle mense, te alle tye en in alle omstandighede. Die ervaring uit die geskiedenis en die lewenspraktyk leer dat waar God se wil geminag word en die menslike wil botvier, die liefde jeens die naaste verdwyn, onderlinge respek kwyn en openbare geregtigheid in die samelewing deur menslike hartstog teen liefdelose grypsug oorheers word. Waar Bybelse eise van liefde jeens die onderdaan deur regerings geminag word en verdwyn, woeker dwingelandy en onderdrukking voort. Waar onderlinge liefde tussen landburgers kwyn, is moord, roofsug, diefstal en gebrek aan respek vir ander mense aan die orde van die dag.

Regerings wat God se wil met menslike insig probeer vervang,
is soos 'n skip wat sonder roer op stormagtige waters en sonder koers in enige rigting vaar en
uiteindelik op die rotse beland.
Lande wat God se eise vir respek onderdruk, het aantasting van andere
se regte en vryheid tot gevolg.
Dit minag die reg wat elke onderdaan het om 'n rustige en stil lewe in alle godsvrug en waardigheid te voer (art. 36 N.G.) en lei dikwels tot gewelddadige verset.

Vervolg van bl. 7

Die minagting van God lei daartoe dat die onderdane in die staat aan die grypsug, drifte en sondige begeertes van menslike owerhede onderwerp word. Van die grootste onreg in die geskiedenis van die wêreld is deur owerhede in die naam van die wens van die demokratiese massas gepleeg. Onder die vaandel van die openbare mening is nie alleen die vroom Noag bespot, Johannes die Doper se kop op 'n skinkbord by 'n partytjie vertoon nie, maar ook die enigste Saligmaker en Verlosser van die wêreld, Jesus Christus, deur die demokratiese wil van die sondige gepeupel aan 'n kruishout vasgespyker. Daarom verbaas dit nie dat in die Suid-Afrikaanse Republiek, wat die Bybelse eise van liefde jeens die naaste verwerp en die aantasting van God se Naam duld, die moord van meer as drie duisend plaaseienaars in landelike gebiede, dreigemente van die gryp van private eiendom onder die dekmantel van nasionalisering en die skaamtelose lastering van 'n deel van die bevolking bloot op rassegronde, alledaagse verskynsels geword het.

Die plig van gereformeerde Christene onder 'n liefdelose owerheid

Die Bybelse liefdesgebod eis met die oog op geregtigheid, vrede en harmonie in die staat, dat dit wat nie in stryd met God se eise is nie, deur sowel die regering as die onderdane gedoen moet word. Wanneer die regering egter in stryd met God se gebod optree, is dit die plig van Christen-gelowiges om dit onder die aandag van die owerheid van die dag te bring en selfs te weier om te doen wat die owerhede verlang vir sover dit met die gewete van Christene in stryd is. Indien die owerheid sou verder gaan en

gelowiges sou verplig om teen God se wil te handel, is selfs gewapende verset geoorloof.

Die plig van Christene onder 'n liefdelose owerheid het belangrike praktiese implikasies:

- Wanneer 'n regering met grypsug die Bybelse riglyn van 'n tiende as belasting-bydrae deur onderdane oorskry en sover gaan om tussen sestig en sewentig persent van onderdane se inkomste deur middel van direkte en indirekte belastinge en heffings hulle te ontnem sodat hulle nie in staat is om hul gesinne behoorlik te onderhou nie en die bydraes aan armes en kerklike versorging agterweë bly, mag die onderdane hul organiseer en selfs onregverdige belastinge aan die regering terughou.
- Indien 'n liefdelose regering se minagting vir menslike lewe sover gaan dat moord, roof, aanranding en verkragting 'n alledaagse verskynsel word, dan mag onderdane hul eie veiligheids- en beskermingsorganisasies stig om lewe te beskerm.
- Indien 'n liefdelose owerheid eiendomsreg aantas deur onderdane van hul eiendom te ontnem en dit in ander private hande te plaas, kan die slagoffers van sulke optrede selfs met die wapen georganiseerde verset teen die grypsug van die owerheid bied om hulself en hul medemens te beskerm en te bid dat God hulle in hul krisissituasies sal aansien en help om hul verset teen goddeloosheid en onreg te laat slaag.

Christene het nie alleen die reg nie, maar die verpligting om aantasting van God se norme en riglyne vir 'n gelukkige en vredevolle samelewing met respek vir

alle onderdane, deur middel van protes, passiewe en selfs aktiewe verset teen te staan.

Wat kan Christene van die regering verlang?

- Dat die samelewing regeer word deur wette en 'n effektiewe regering sodat die losbandigheid bedwing word (N.Gb. art. 36);
- dat die kwaaddoeners gestraf en die vromes beskerm moet word (N.Gb. art. 36);
- om die ryk van die Antichris te gronde te rig sodat God op alle terreine van die samelewing gediens kan word (N.Gb. art. 36);
- om oproeriges wat andere in die samelewing belaster, dreig en uittart, tot orde te roep en selfs met die swaard mag te bedwing (N.Gb. art. 36);
- om die openbare eerbaarheid en sedelikheid te herstel (N.Gb. art. 36);
- om hulle wat nasionalisering verkondig, eiendomsreg van andere wil aantas en die gemeenskap van goedere wil invoer en die vrede in die samelewing versteur, met 'n ferm hand te bewing en teen te staan (N.Gb. art. 36).

T.o.v. 'n regerende party uit wie se ampsuitoefening 'n feitlike onbekendheid met die inhoud van die Woord blyk, wat nie die Christelike belydenis van liefde en geregtigheid ken nie en wat in magswellus en heidense donkerheid verstrik is, word van ons as Christen-gelowiges verwag om:

- vir hulle te bid sodat God se Gees hul liefdeloosheid en onreg ten goede mag verander,
- hulle in die deugde en vrug van die Christelike liefde en respek vir ander te kerkiseer

Vervolg op bl. 9

Vervolg van bl. 8

en hulle met Christelike liefde te vermaan en uit God se Woord tereg wys tot by die punt waar die regering van ons optrede in stryd met God se Woord verwag – dan moet ons daarteen weerstand bied, selfs ten bloede toe, sodat die eer van God gehandhaaf kan word en die lewe, eiendom en vryheid van die naaste beskerm kan word.

Bowenal word van ons as Christen-gelowiges verwag om volgens die Bybelse eise jeens owerheid en medemens op te tree en om lewende voorbeelde van Christelike deugsamheid en toewyding te wees:

... hou julle lewenswandel onder die heidene skoon, sodat as hulle van julle kwaad spreek soos van kwaaddoeners, hulle op grond van die goeie werke wat hulle aanskou, God kan verheerlik in die dag van besoeking (1 Petr. 2:12).

By dit alles, sê Calvyn, behoort die gesindheid van Christene onder 'n liefdelose regering te wees om dit as 'n oordeel van God oor hulle (Christene se) afvalligheid en ongeloof te beskou; andersyds is 'n regering met respek en liefde vir al sy burgers 'n seën uit God se hand en 'n gawe wat groot vrug inhou.

Daarom behoort die oordeel en straf van 'n liefdelose owerheid Christene in die eerste plek te bring tot sonde-belydenis, tot terugkeer na God en sy Woord en om diegene wat onder die hiel van 'n liefdelose en goddelose owerheid swig, te hulp te kom. Hulle behoort mekaar broederlik te ondersteun en om kollektief as liggaam van Christus eendragtig te werk, te stry en te ywer vir Christelike owerhede en om moedig en met geloof, die oog gerig op Christus, goddelose opdragte deur die regering teen te staan en ter wille van Christus en die Bybelse belydenis selfs fisies weerstand te bied – Hand. 5:29: Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense. (Kyk *Die Protestantse Staatsbeskouing en Verset*, VCHO, 2009.)


Die etiese aspek

Geneem uit *Inleiding tot die kosmologie* deur prof. D.F.M. Strauss

Die teenstelling tussen liefde en haat staan in die sentrum van die etiese aspek. Morele verhoudinge betref relasies van trou wat in 'n ryke verskeidenheid van tussenmenslike situasies vorm kan aanneem. Die etiese aspek omvat derhalwe morele-trou relasies in die velerlei gestaltes daarvan: vanaf die allerintiemste liefdesrelasie tussen man en vrou, of die besondere band van trou tussen boesemvriende, tot by die 'losser' vorme van etiese trou soos eerlike optrede in 'n terloopse handelstransaksie of opregtheid in buurskaprelasies.

Liefde in modale sin mag nie vereenselwig word met die sentrale aard van die liefdesgebod nie, want laasgenoemde behoort tot die religieuse dieptedimensie van die skepping en kan uiteraard slegs benader word in terme wat ontleen is aan

die aspekte-verskeidenheid (die toegangspoorte tot ons spreke oor énigiets) – maar juis daarom kan ons slegs 'n benaderend-heenwysende idee vorm van die sentrale aard van die liefdesgebod. Die Bybel gebruik die woord liefde daarom sowel ter aanduiding van die sentrale eenheid van Gods wet as ter aanduiding (van) 'n verskynsel wat gedifferensieerd náas andere te staan kom. In Gal. 5:22 lees ons bv. van die 'vrug van die Gees' en dan word melding gemaak van 'liefde, blydschap, vrede ...' en so meer. Hoewel die Bybel geen modaal abstraherende analise van enige werklikheidsaspek bied nie, vorm die modale verskeidenheid ook die basiese raamwerk waarbinne die Bybelse gegewens ons verhaal kan word.



In Oriëntering in die Christelike wysbegeerte, bl. 125, skryf J.M. Spier soos volg oor die handelende mens:

Die laaste kenmerk van elke moontlike handeling is daarin te vind dat alle menslike aktiwiteite genormeerd is. In alles wat 'n mens doen is hy onderworpe aan die norme wat oor hom gestel is. In die hoogste liggaamstruktuur is al die normatiewe funksies van die mens immers tot 'n eenheid verbind (vanaf die analitiese tot by die geloofsfunksie).

Goed besien het die in vryheid handelende mens met drieërlei normatiewe te make. Primêr is sy lewe geplaas onder die gelding van die religieuse liefdegebod, die liefde tot God met die hele hart en om Sy ontwil tot die naaste en sigself. Dit is die sentrale en allesomvattende norm wat 'n mens in sy hart, in die religieuse sentrum van sy bestaan raak. In antwoord op hierdie religieuse norm bestaan daar twee moontlikhede, nl. dat iemand ja of nee sê teenoor God wat ons onder hierdie wet gestel het, en tot Christus wat vir die afvallige mens die weg tot die Vader is. Wie nee sê, het sy hart van God afgekeer en homself oorgegee aan een of ander afgod. Maar wie ja antwoord ontvang die lewe sodat sy ganse bestaan 'n voortdurende stryd sal wees om God lief te hê om Sy ontwil die naaste en sigself in alle handelinge en dade.

In die tweede plek geld vir die mens die modale norme vir sy denke, historiese vorming, taal, omgang, spaarsaamheid, skoonheid, reg, liefde en geloof. Al hierdie modale norme kan oortree word. Oortreding bring verwarring teweeg, nie alleen in die lewe van die oortreder nie, maar ook in die samelewing omdat die aktiwiteite van mense op allerlei maniere deureengestremel is. Dit is dikwels nie so eenvoudig om situasies waar dinge skeefgeloop het, weer reg te stel, die ontsporingspunt aan

te dui en so 'n terugkeer tot die juiste rigting weer moontlik te maak nie.

In The Christian ethos, bl. 41, skryf A. Troost die volgende oor praktiese etiek:

The terms "ethics", "social ethics", and "christian ethics" are often used in everyday language. In academic circles the distinction between "theological ethics" and "philosophical ethics" is also well known. Everyone knows that these terms have something to do with norms, values and laws, as well as with feelings, customs, social structures and religious convictions. Most of us expect that ethics will give us guidance, or at least indications of how to make decisions about the various problems of practical life. For this reason, ethics is supposed to be a "practical" science which tells us what is good and what is not good.

The common understanding of ethics described above must be discussed further. For the sake of this argument, we shall grant that ethics is a "practical" science. We then need to ask if science should be regarded as the guide to life. If we say that science should be regarded this way, then we may be discriminating against the simple believer who has never studied ethics and perhaps does not even know what ethics means. He knows that the Bible says he needs the guidance of the Holy Spirit and the teaching of the Scriptures. He knows that he needs wisdom, peace, patience, frankness, insight and a number of other virtues. And he acknowledges that he does not possess these virtues but needs to receive them by prayer. In this way he knows that christian life, in principle, is possible because he believes the message of the Scriptures: in Christ he has received wisdom, righteousness, redemption and sanctification as well (1 Cor. 1:30-31).



Vervolg van bl. 5

'n Bonte menigte antwoorde is in die loop van die eeue gegee op hierdie vraag. As tipies sedelike verskynsels is o.m. opgevat: motiewe, gesindheid, kennis, tradisie, neigings, drifte, begeertes, genot, geluk, pligte, deugde, norme, waardes, vryheid, verantwoordelikheid, ens. Ontleding toon egter aan dat al bogenoemde wel sedelike verskynsels kan wees, maar dit nie altyd noodwendig is nie. (Byvoorbeeld, vryheid mag iets sedelik goeds wees, maar dit kan ook vir nie-sedelike doeleindes misbruik word.) Die spesifieke eie-aard, die eie-soortigheid van die sedelike word m.a.w. nie hierdeur tot uitdrukking gebring nie. Om hierdie verskynsels *sedelik* te maak, moet daar iets bykom waarin die unieke van die sekelike geleë is.

Wat is die hoogste wat die mens in sy verhouding tot sy medemens kan bereik? Dit is self- en naasteliefde. En hierin word die kosmiese wesensgrond van die sedelike vir ons geopenbaar. Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Dit is die grondwet van die sedelike. Hierin kom die eiesoortigheid van die etiese aspek tot uitdrukking.

Vervolg op bl. 17

Goddelike wysheid “om die Here te dien” in die Boek Spreuke

3. Spreuke roep ons tot gehoorsaamheid aan God en sy gesante

Ons het reeds stilgestaan by die feit dat wysheid daarvan oortuig is dat dit God is wat die orde daargestel het en in stand hou. Wysheid as 'n poging om in ooreenstemming met God se wil te lewe, wys daarop dat mense in staat is om dit te doen. Die wysheidsleraars het aanvaar dat hulle die orde wat God in sy skepping geplaas het, kan ontrafel en leer ken. Verder kan hulle riglyne opstel waarvolgens mense by die skeppingsorde kan inskakel en in harmonie daarmee lewe.

Dit impliseer:

- i. dat die wysheidsleraars indirek aanspraak maak op goddelike gesag vir hulle leer en daarom is hulle leer deel van die goddelike openbaring en die onontwykbare feit dat God uiteindelik agter al hulle voorskrifte, advies, oorlegginge en bepeinsing staan;
- ii. dat, as die behaling van sukses afhang van die aanvaarding van hulle voorskrifte, dan moet hulle gesag aanvaar word; en
- iii. dat nakoming van die voorskrifte dui op die aanvaarding van hulle gesag wat sigbaar word in die aanvaarding van die feit dat jy inskakel by die orde van God wat hulle leer.

In die tweede deel het ons bewus geword dat baie spreuke aankom op gesag: Spr. 10:17, 29; Spr.

12:1 (veral in AB 1983) en Spr. 12:28; Spr. 13:13-14 met AB 1983 se vertaling vir vers 13 die duidelikste; Spr. 16:4, 17, 20 en 19:23 waar dit weereens die duidelikste uitkom in AB 1983.

In die nie-wysheidsboeke kom wysheidsterme ook wel voor. Jes 47:10 gebruik dit in 'n negatiewe sin: jou wysheid en jou kennis het jou mislei; soortgelyk Jes. 44:25. Jesaja se gespot teenoor die afgodsdienaars in Jes. 44:18-20 en 45:20 wys op die gebrek aan ware wysheid. Jes. 59 sou ek as 'n duidelike voorbeeld reken waar die profeet sinspeel op terme wat ook in die wysheid voorkom.

Twee voorbeelde word breedvoerig behandel: Spr. 29:18 en Jes. 33:5 en 6, met 'n finale oproep tot die gesagsaanvaarding in Spr. 22:17-21 wat uitmond in gehoorsaamheid.

Spr. 29:18 Verskillende vertalings

AB 1953 – As daar geen openbaring (Gispen: gesig) is nie, word die volk bandeloos; maar hy wat die wet onderhou (Gispen: die [onderwysing bewaar]), gelukkig is hy.

AB 1983 – Waar die wil van die Here nie bekend gemaak word nie, verwilder 'n volk; dit gaan goed met elkeen wat die wet van die Here onderhou.

BVA Wanneer die Here nie vir die profete wys wat die

mense moet doen nie, doen die mense alles wat hulle wil. Wanneer die mense doen wat die Here wil hê, dan sal dit goed gaan met hulle.

Let op die volgende tegniese inligting: profesie, visioen of gesig: openbaring aan/deur die profete; wet/torah of die instruksie/onderrig van die wyse manne.

Dit is tog moontlik dat hier 'n verwysing is na die kanonieke Wet en die Profete waarop die wyses hulle onderrig gebaseer het (die Geskrifte). Dit lyk of dit ten minste 'n latere verstaan of vertolking van hierdie spreuk is. Ons het hier bymekaar die Wet, Profete en Spreuke (as Wysheidsliteratuur, Geskrifte), sodat die drie terme die openbaring van God aandui en dat die drie op mekaar bou. Die wet word gestel saam met die profete. Wet, Profete en Wysheidsliteratuur ontmoet in hierdie spreuk. Hierdie spreuk sê dat wanneer daar geen gesig of visioen is nie, wanneer daar 'n goddelike openbaring aan/deur die profete ontbreek, dus wanneer daar geen profete is wat sulke visioene skou nie, wat die gevolg kan wees van 'n gebrek aan 'n woord of 'n onvermoë om die woord te hoor (vgl. 1 Sam. 3:1; Amos 8:11, 12), dan word die volk bandeloos. Die hele episode van die goue kalf (Eks. 33:25) was 'n historiese illustrasie van hierdie spreuk. Bandeloosheid

Vervolg op bl. 12

Vervolg van bl. 11

kom by die ontbreking van die openbaring deur die profete te voorskyn. Nogtans is die volk salig wat die onderwysing van die wyses aanneem. Hierdie onderwysing steun op die gegewe openbaring in die Pentateug. Nie alleen die profete nie, maar ook die wyses handhaaf die eis van die wet van die Here in die midde van Israel en roep terug tot die gegewe openbaring.

Waar die wil van God soos in sy Woord (Wet, Profete, Geskrifte en Nuwe Verbond) bekendgemaak, nie voortdurend in die oog gehou word nie, breek sy volk weg van hulle verbond met Hom. Daarom, sonder goddelike openbaring, toring die hele lewe los en moet ondergang volg. Andersins, waar die onderwysing bewaar word en die wil van die Here gedoen word, gaan dit goed met die mense/volk.

Jes. 33:5, 6: 'n Lied oor God
BVA 1983 (Samevatting)

Die Here sal Sion verlos. Dit staan vas. Die grond daarvoor is dat die Here hoog verhewe is. Die Here sal sorg dat reg geskied en reg gedoen word. Die Here is die Een wie jy jou lewe lank kan vertrou.

Vertalingsmoontlikhede

AB 1953

- (5) Die Here is verhewe, want Hy woon in die hoogte; Hy het Sion vervul met reg en geregtigheid
- (6) en daar sal bestendigheid van jou tye wees, 'n rykdom van volle verlossing, van wysheid en kennis; die vrees van die HERE sal sy skat wees.

AB 1983

- (5) Die Here is hoog verhewe, Hy woon in die hoogte; Hy sal sorg dat daar in Sion reg geskied en sy reg gedoen word.

- (6) Hy is die Een op wie jy jou lewe lank kan vertrou. Die kosbare besitting wat werklik kan help, is wysheid en kennis. Die rykdom waarop Sion hom kan verlaat, is die diens van die Here.

BVA

- (5) Die Here is bo almal, want Hy woon in die hemel. Hy sal sê, en die mense in Sion sal almal weer reg doen en regverdig^a) wees.
- (6) Hulle sal altyd die Here vertrou^b)
Hy sal hulle red en Hy sal vir hulle wysheid^c) en kennis gee.
Hulle sal die Here dien:
- dit sal hulle ryk maak;
 - dit sal hulle rykdom/skat wees (skrywer se weer-gawe, sien latere besprekings).

LB

- (5) Die Here is groot, want Hy regeer oor die hele aarde. Hy sal Jerusalem vol regverdigheid en billikheid maak.
- (6) Hy sal sorg dat hulle lewensomstandighede standvastig is en hulle red en hulle wysheid en kennis gee. Hulle ontsag vir die Here sal die kosbaarste eienskap van hulle lewe wees.

Die BVA gee die volgende aantekeninge:

- a) Reg, soos die Here wil hê. Wanneer iemand regverdig is, dan doen hy reg aan 'n ander mens, soos die Here wil hê.
- b) Glo dat die Here sal doen wat Hy gesê het.
- c) Alles wat 'n mens moet weet om reg te kan lewe en om die regte dinge te kan doen en sê.

BVA 1983 sê oor vers 5: Hier beteken dit dat Sion gered en sy vyande gestraf word. Die geregtigheid is, wat Sion betref, 'n genadedaad, gegrond in die verkiesing van en verbond met Israel.

By vers 6: Wat die verbondsvolk nodig het, is wat hulle deurentyd misken het, nl. wysheid en kennis en veral om die Here te dien.

BVA 1953 sê oor vers 5: reg ... geregtigheid: kenmerkend van die Messiaanse heil.

By vers 6: volle verlossing: die Hebreeuse woord is in die meervoud en dui op die volheid van heil en heilsgenieting. Vgl. 11:2 en Spr. 1:7

Hier moet ons let op 'n aantal vertalingsverskille en verskillende aksente in die verstaan. Die vertalingsverskille kan grootliks verklaar word aan die verskillende vertalingsopdragte.

AB 1953, vers 5: vervul met reg en geregtigheid, is oop vir vertolking soos ook LB. Dit kan vertolk word dat die mense in die heilstaat (vgl. BVA 1953) dit sal beoefen, soos die BVA eksplisiet stel, of soos in BVA 1983 dat die Here reg sal laat geskied, deur Sion te red en die vyande te straf, al is dit deur genade. Ek wil op grond van die teks in AB 1983 aanvaar dat die poësie na albei kante toe sou kon gaan, en tog ook dat die mense reg en geregtigheid in die daaglikse lewe sou laat geskied.

AB 1953 vers 6: daar sal bestendigheid van jou tye wees, is heelwaarskynlik die beste wat 'n mens aan 'n letterlike vertaling sou kon kom, vgl. LB, as 'n mens die ongeëmendeerde teks volg, in navolging van die geëmendeerde Hebreeuse teks wat ek letterlik sou vertaal: *die getrouhede/betroubaardede van die tye van die Here sal daar wees*.

Vervolg op bl. 13

Vervolg van bl. 12

AB 1983 maak eksplisiet baie duidelik en stel onomwonde vertroue in die Here lewenslank. Die BVA volg dit ná deur die aksent te plaas op vertroue in die Here en deurgaans so dat die poëtiese lees van die teks in Hebreeus totaal verdwyn.)

BVA se konkretisering van vrees/ontslag vir die Here as 'n skat ná die Here dien, dit sal hulle ryk maak kan m.i. nie anders as materialisties verstaan word nie. Die vertalers het hier 'n probleem om so te vertaal dat hulle konkretiseer sonder om misverstand te skep. Ek sou wou gaan vir 'n vertaling: "dit sal hulle rykdom/skat wees".

In die lig van Spr. 1:7 en ander spreuke wat ons behandel het, is dit duidelik dat die profeet in sy profetiese arbeid nie alleen op die Wet steun nie, maar ook op die Wysheid as die weg na die lewe. Spreuke doen dit op 'n eie manier. Terwyl die profeet spreek vanuit 'n bepaalde situasie, sien ons dat die wysheidsleeraar steeds deurstoot na die algemeen geldende. Die profeet gryp op die konkrete gebeure in, maar die wyse formuleer dit altyd as blywende reëls vir die menslike lewe (aldus C. van der Waal). Primêr is dit geen ander 'weg' as die wat die profeet aanwys nie, d.w.s. die weg van die lewe.

Jes. 35:8 sê God wil sy volk red. As deel van sy reddingswonders bring hy 'n gewyde groot pad tot stand vir die mense wat deur die Here self gered is en wat dus in 'n besondere sin aan Hom behoort en reg lewe. Anders gestel: lewe in ooreenstemming met die wil van God. Hierdie pad sal vir onrein mense en dwase verspêr wees – hulle word onbevoeg verklaar.

Die laaste tekste uit Spreuke:
Spr. 22:17-21 Verskillende vertalings

(17) AB 1953 – Gee gehoor en luister na my woorde van die wyse manne, en let op my kennis

Gispen (letterlik in Afrikaans vertaal) – neig u oor en hoor die woorde van die wyses, en sit u hart op my kennis;

AB 1983 – Luister goed, luister wat die wyse manne sê; probeer verstaan wat ek jou wil leer uit wat ek weet,

BVA – Jy moet goed luister na wat die wyse mense sê, jy moet hard probeer om te leer,

(18) AB 1953 – want dit is lieflik as jy dit in jou binneste bewaar; mag hulle tesame gereed lê op jou lippe.

AB 1983 – want dit is lekker as jy dit ingeneem het en enige tyd kan weergee.

BVA – want dit is lekker om dinge te weet en om dit weer te kan vertel.

(19) AB 1953 – Dat jou vertroue op die Here mag wees, daarom onderwys ek jou vandag, ja, vir jou.

AB 1983 – Ek onderrig juis vir jôu vandag, sodat jy op die Here kan vertrou.

BVA – Ek leer vir jou vandag, vir jôu, sodat jy kan weet dat die Here doen wat Hy belowe het.

(20) AB 1953

Het ek jou nie kernagtige 1) spreuke voorgeskrywe met raadgewings en kennis, (Gispen 1): eergister

AB 1983

Ek skryf vir jou belangrike voorskrifte neer om jou leiding te gee en die nodige kennis,

BVA

Ek skryf hierdie belangrike dinge vir jou, sodat jy kan weet wat om te doen en sodat jy kan leer.

(21) AB 1953 – om jou bekend te maak waarheid, betroubare woorde, sodat jy woorde van

waarheid kan antwoord aan die wat jou stuur nie?

AB 1983 – sodat jy die waarheid sal herken, die woorde waarop jy kan vertrou, en 'n betroubare verslag kan gee as iemand jou stuur.

BVA – Jy moet weet wat die waarheid is en wat jy kan glo, sodat jy vir die persoon wat jou stuur, kan sê wat regtig gebeur het.

Opgesom: Luister goed, weet wat die waarheid is, doen dit en vertel dit. Dit spel uit wat die leerling/kind van die Here moet **weet** en **doen!**

(17) *wat ons moet doen:* Ons word aangeraai om die woorde van wyses te hoor, aandag te bestee aan die kennis en begrip en insig wat die wyses deur onder-rig bied.

(18) *waarom – die grond:* wysheid is goed. Dit is lieflik wanneer die aangesproke-nes die woorde van die wyses en die kennis wat die skrywers bied in die binne-ste bewaar en dit internaliseer en dit gereed staan op sy lippe.

(19) *doel: wat ons wil bereik – vertroue in die Here:* Hy wil die leerling aan die verstand bring dat dit by die Spreuke gaan om sy eie persoonlike hoogste belang, en dat hy homself aangespreek sal ervaar om dit in die praktyk te bring; dit gaan daarom dat die vertroue op die Here gerig word. Sonder hierdie vertroue is al die kennis nutteloos.

(20) *hoe:* met raadgewings en kennis, adviserend
i. weet wat om te doen
ii. aanmoediging om te leer


(21) *tweede doel* by (ii) (tweeledig): betroubare bode –

Vervolg op bl. 14

- (a) in sy werk – Die skrywer/leraar wil aan sy leerlinge bekend maak die waarheid en betroubare woorde. By al die voordele van die wysheid kom dat hy/sy die waarheid beter sal begryp.
- (b) in sy boodskap – Deur hierdie bekendmaking wil hy/sy dit bereik dat sy leerling betroubare antwoorde sou gee van wie hom stuur, as't ware onderwys te word in die kuns om die regte antwoord te spreek.

Ten slotte:

P.A. de Rover in *Naar 't heilig Blad* sê dat die woorde van die wyses geskrywe is vir ons lewe. Die Here



het die wysheid gegee om dit ter harte te neem en in daade om te skakel. Dan sal ons lewe ryk wees en vol geluk en ... vrede. Dit bly ewig waar, dat die vrees van die Here die beginsel van hierdie wysheid is (aldus De Rover).

C. van der Waal, met aanhaling van 2 Tim. 3:15 e.v., wys daarop

dat ons nie geroep is om bo die wolke te sweef nie, dog om midde in hierdie lewe te staan en die kanse te gryp wat God ons gee. Dit is om wys te wees. Tot praktiese lewenswysheid wil die Spreukeboek ons oplei. Soos die ander Skrifte wil Spreuke ons wys maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus en dit is nuttig om ons te onderrig, om te weerlê, te verbeter en op te voed in die geregtigheid. Die wysheid is gegee deur die Verlosser van Israel om die lewe vry te maak. Soek Hom dan, ook in Spreuke, terwyl Hy te vinde is. Het ons 'n 'blikoor' of luisterende oor? Indien die laaste, word ons hande werkend volgens sy raad en volgens sy doel; dan het ons Hom gevind.


Emeritus prof. Fanie Riekert

'n Greep geneem uit die M-verhandeling van dr. HJ Smith, getiteld *Etiese grondbeginsels by Paulus*, bl. 15:

Vooraf wil ons graag die aandag vestig op wat Troost die "Ethos" noem. Hierdie "Ethos" noem hy die "basislaag van die aktstruktuur". As sodanig kan dit genoem word die diepste lewensgesteldheid van die mens wat aan alle konkrete akte voorafgaan. Dit is dié lewensgesteldheid van die mens wat al sy handelinge bepaal en deursuur om daaraan 'n vaste gerigtheid en patroon te gee. Dit lê ten grondslag van alle individualisering, en bepaal daarom wat die mens se lewenstoon of lewensgesteldheid sal wees in al die verbande waarin hy lewe. Alle mense besit so 'n lewensintegrasie; iets wat al die uitgange van hul lewe saambundel en rig. Die ethos is direk religieus bepaald; dit is ons lewensbetrokkenheid op die Wet van God na sy kosmiese sy.

Juis in hierdie verband moet ons ook die aandag vestig op die twee "spreidingsrigtings" wat Troost in die hart van die mens onderskei. Die Wet van God na sy Sentrale betekenis is een en ongedeeld. Maar die hart rig die gehoorsaamheid aan die Wet óf direk op God, óf in sy spreidingsrigting na "benede"; na die tydelike werklikheid in al sy openbaringe. Vir die christen bestaan die Ethos dan daarin dat dit sy lewensingesteldheid word om Gods koninkryk te soek in hierdie tydelike werklikheid in al sy geledinge (d.w.s. na die kosmiese spreidingsrigting van die hartsgerigtheid).

Volgens hierdie insig gaan dit dus in alles (ook in die morele liefde en in die lewensverbande waarin dié liefde 'n leidende funksie het soos bv. die huwelik) daarom dat die Koninkryk van God gesoek sal word. Terwille van die gehoorsaamheid aan Gods Wet sal Gods Koninkryk dus gesoek moet word deur die hart in sy spreidingsrigting na "benede" in alles wat die mens beplan, bedink en doen.



Uitbreiding op onderskrif:

Die voorblad van ons vorige (Desember 2013-uitgawe) bevat 'n onderskrif ... "die reformatore by die Lig van Gods Woord", waarop soos volg uitgebrei moet word, ter wille van groter duidelikheid:

Terwyl die reformatore die sentrale plek van die Woord verdedig, word hulle deur die Rooms-Katolisisme teëgegaan, wat die Lig daarvan probeer uitdoof, soos in die voorstelling op die voorblad.

Etiek vir ons elkedagse lewenspraktyk

Hugo Hayes

Betekenisvolle verhoudinge

Die bestek en opgawe van die etiese word soms tot die groot lewensvraagstukke beperk; d.w.s. daardie wat die menslike voortbestaan/welwese bedreig. Gewoonlik is dit vraagstukke in die vakgebied van die Etiek, problematiek in die mediese wêreld, of sekere kwessies in die teologie. In die algemeen gesproke slaan die begrip 'etiek' op hóé mense in die wydste sin van die woord sin gee aan hulle saambestaan.

Waar die teoretisering van die lewensvraagstukke (hierbo) in baie abstraksie kan ontwikkel, het die prakties-etiese daarenteen konkrete toepassing waar in lede van die gemeenskap hulleself voortdurend bevind. Die manier waarop mense dag-vir-dag met mekaar omgaan in die verskillende betrekkinge waarin hulle staan is van belang. Daar ontstaan gesins- en werkverhoudinge, sakeverhoudinge en tussen medemense onderling in die gewone gang. Betrekkinge verskil wel, afhangend van watter verband(e) ter sake is, en ook t.o.v. rangorde. In die huisgesin is dit anders as in die werkkring, met verhoudinge wat anders gestruktureer is. Die waarde van etiek is dat dit in die engste en breedste gemoeid is met die manier waarop hierdie verhoudinge genormeer word. Etiek verleen aan al sodanige verhoudinge ware sin en betekenis. Dit versker dat die samelewing bewoonbaar gemaak en opgebou word, sodat 'n menswaardige bestaan moontlik kan wees.

Integrale lewensbeginsel

Vanuit onself beskou, mag etiek tot geen subjektiewe saak gemaak word nie. Wanneer die wese van die etiek nagegaan word, soos uit die geheel van die Bybelse wysheidsliteratuur, asook die historiese weergawe van die menslike gedrag en optredes nagegaan, vind ons dat:

- (i) etiek as 'n universele lewensbeginsel vir alle tye en omstandighede geld;
- (ii) die etiese integraal in menslike gedrag en optredes staan;
- (iii) Christelik-etiese gedrag ware sin aan menseverhoudings gee; en
- (iv) dit vertroue onder mense bring.

Gewone mense redeneer dalk dat etiese kwessies dominees en etici se aandag vereis; kundiges wat in die studieveld van die Etiek spesialiseer. Die Bybel is daarvoor duidelik dat sedert die ontstaan van die skepping etiek grondig en integraal met die elkedagse, persoonlike handel en wandel van mense te doen het. Etiek kom nie éérs ter oorweging, wanneer voor groot lewensvraagstukke te staan gekom word nie. Etiek het werklik met elke individu se totale lewensbestaan te doen, al sou ons nie so telkens daarvan bewus wees nie. Daarom word goed begryp dat een van die kernaspekte van die werklikheid (naas die historiese, die reg, sosiale, ens.) as die etiese geïdentifiseer staan. Regdeur die geskiedenis word die wesens-

belang daarvan erken, ter wille van die regte opvoeding.

Opspraakwekkende SA moordverhore, waarin jongmanne teregstaan, tesame met 'n veelheid ander kwessies, roep onwillekeurig talle etiese vrae op, ter illustrasie van die punt. Gebeure in eie gemeenskappe en die breë samelewing noodsaak dat ons ons oor die sin van die soort etiek wat ons gereeld die afgelopen jare beleef en waarneem, verantwoord. Nader aan eie belange geweeg, die vraag: hoe sien dit binne die kring van ons Afrikanergesinne in die algemeen daar uit, met aanlê van die etiese maatstaf? En om verder daarop uit te brei: hoe sien die samelewing van vandag – waaraan die Christendom aktief meewerk – daar uit, vanuit die etiek beoordeel?

Bybelse etiek gee die deurslag

Terwyl hedendaagse teen-normatiewe verskynsels die aandag vasvang, wil veral ook op die heilsame gevolge van etiese praktyk wat positief in die samelewing deurwerk, gekonsentreer word. Word min hiervan gerapporteer, omdat dit ontbreek, of staan ons samelewing doodgewoon apaties daarteenoor? Etiek, as algemene lewenspraktyk, wat deur Bybelse houdings/instillings van individue en huisgesinne en van organisasies en ondernemings in 'n positiewe sin beheers word, hou buitengewoon seënryke gevolge vir samelewings in. Die Nederlandse samelewing gedurende die Kuyper-bewind sou in hierdie

Vervolg op bl. 16

Vervolg van bl. 15

verband voorgehou kon word. Organisasiekulture soos, bv., in die maatskappy en instellings soos die staat aangetref, is direk aanduidend van die agting, al dan nie, wat daar vir die Christelike etiek mag bestaan. Christelike etiek geld onweerlegbaar as absolute beginsel vir ons bestaan in elke faset daarvan, en gevolglik ook ons elkedagse lewenspraktyk in besonder. In die finale instansie moet die stabiliserende uitwerking van die etiese in ons huisgesinne, ons gemeenskappe en die samelewing in die breë opset, tot verwesenliking kom. Dit is indien van die veronderstelling uitgegaan word dat die meerderheid SA-inwoners tog darem van die onontbeerlikheid van die etiek bewus mag wees. Ons word gekonfronteer met die vraag óf dit nou regtig die geval is.

Waar dit aan die Christelike etiek ontbreek, word 'n demoraliserende samelewings-kultuur bevorder, wat vernietigend inwerk op die welwese van die inwoners daarvan. Euwels van magsmisbruik, bedrog, korrupsie, omkoperij, hebsug en nog vele ander is simptome van 'n kultuur van blatante minagting van etiek. Sou te midde daarvan nóg gevra kon word waarom ons wêreld soms so ongenaakbaar kan word?

Indringende ondersoek is nodig

Ondersoek word benodig, sodat vasgestel kan word of die handhawing van etiek onder die mense van ons land – na wat waargeneem en gerapporteer word – nie in ons tyd sy gelding grootliks verloor het nie? Die ondersoek moet daarop gerig wees om te bepaal watter soort etiek tans die SA samelewing beheers. Die etiese beginsel het sy besondere toepassing t.o.v. al die breë terreine soos die ekonomiese, maatskaplike, die politieke, die kunste en so

meer, ten einde ons van 'n opgawe van die etiese stand van ons samelewing te voorsien.

Uit die ondersoek maak ons 'n ontstellende ontdekking oor die etiese toestand van die samelewing waarin ons almal moet woon en werk, met feitlik geen terrein daarvan onaangeraak nie. Word alleen maar gelet op wat die media rapporteer, is daar meer as genoeg stof tot indringende besinning oor die uiters negatiewe gevolge wat die gebrek aan Christelike etiek vir ons samelewing inhou. Dan verbaas dit ook nie dat selfs 'n politieke groepering wat nie veel erg aan Christelikheid het nie, in die aangesig van die etiese noodtoestand wat daar heers, versoek dat die kerk nou moet ingryp, omdat die moraliteit binne sekere gemeenskappe hand-uit geruk het.

SA se konstitusie bied nie werklik grond vir die handhawing van die etiese nie. Die ongelukkigheid onder mense wat vanweë die gebrek aan etiek benadeel/verontreg word, word steeds groter, sodat die howe voortdurend moet ingryp. Dit verplaas ons baie vër van die ware grond van die etiek, al verneem ons dikwels dat daar net maar aan die grondwet gehou moet word. Die heersende menseregtekultuur sou mense kon laat aanvoer dat etiek ontstaan uit die “reg wat ek as mens sou hê om myself te laat geld”. Humanistiese etiek lei tot groot-skaalse onnugtering, selfs ontgogeling, vanweë die tendens dat sg. individuele regte nou as maatstaf vir die etiese geld. Die ondersoek toon dat die grondwet insigself, en mense in hulself nie in staat is om die etiese beginsel tot sy volle reg te laat kom nie.

Dus ontstaan die vraag: Waar of by Wie het die etiese beginsel sy oorsprong?; waarin vind dit sy grond en wat is die implikasies daarvan vir my as mens? Met die veronderstelling dat waarskynlik nog onder die meerderheid

mense van hierdie land 'n etiese bewustheid bestaan, kan ons probeer vasstel watter soort etiek aan die orde is. Oor die algemeen bring dit ons daarby dat die etiese beginsel gereduseer word tot wat verwoord kan word as 'n onreg wat my/ons aangedoen word/was en wat om vergelding vra. Nie my pligte en verantwoordelikhede nie, maar die 'ek' wat benadeel word/was en wat op restituisie aandrings, staan voorop.

Die ware grond van die etiese

Om die werklike beginsel vir die etiek weer in sy volle konsekwensies te laat geld, moet ons teruggaan na wat God in sy Woord verorden het. Hoewel God self nie, soos ons as sy skepsele, daaraan onderworpe is nie, het Hy die beginsel vir die etiese in sy skepping neergelê. Die liefde tot die naaste, as grond van die etiese, het sy oorsprong by God wat in Homself Volmaakte Liefde is en die gebod geld vir alle mense, ongeag geslag, herkoms, kultuur, posisie ens. Hy gebied, soos ons dit in besonder in die tweede tafel van die Wet geëkspliseer vind, dat ons ons naaste sal liefhê soos onself en vervolg elders ... die liefde doen die naaste geen kwaad nie ... liefde is die vervulling van die Wet ... wees aan niemand iets verskuldig nie, behalwe liefde ...

Etiek, as universele beginsel vir mense, moet konkrete gestalte in ons doen en late vind. Ons kan daarna verwys as die positivering van die norme waardeur die etiese in ons elkedagse handel en wandel prakties ten uitvoer kom. Dit kom daarop neer dat hierdie beginsel voortdurende toepassing moet vind in hoe en wat ons dink, praat en doen. In al ons verhoudinge vind die etiese sy noodwendige toepassing en in finale instansie veral teenoor ons naaste.

Vervolg op bl. 17

Vervolg van bl. 16

Prof. HG Stoker vat dit in *Oorsprong en Rigting* soos volg saam: “Die sedelike is gegee in die intran- en interpersoonlike verhouding tussen mense en bestaan in persoonsliefde; die liefde tot die menslike persoon in al sy betrekkinge.”

Word noulettend oor die voorgaande nagedink, moet verklaar word dat die etiek as beginsel in interpersoonlike verhoudings in ons tyd ernstig in die gedrang is. Terwyl in SA op wydlopende Christelikheid aanspraak gemaak word, word dit grootliks deur onetiese gedrag en optredes, soos wat dit gereeld in ons samelewing na vore kom, geloënstraf.

Etiese plaveistene vir die pad vorentoe

Ons het vasgestel dat die etiek steeds ’n breër gelding t.o.v. ons ganse lewe het. Dit staan naamlik in nouste verband met ons waardering van beginsel, norm en waarde. As uitgangspunt vir die etiek neem ons die Bybelse beginsel van die betragting van dit wat goed en reg en waar en tot voordeel van ons medemens is, in die manier waarop ons ons lewens inrig. Die uitlewing van die etiese norme en waardes is gesetel in die manier waarop ons hierdie kardinale beginsel in ons lewens handhaaf. Om naamlik die regte

van die verkeerde, die goeie van die kwade, waarheid van leuen ens. te onderskei en dit alles in ’n opregte lewenswandel te integreer in ons elkedagse optrede voor God en teenoor ons naaste. Hoewel tussen eiesoortige etiek vir o.m. die filosofie, teologie en die vakwetenskappe onderskei word, is dit vir die Christen belangrik om die algemene beginsel van die etiek vir ons lewenspraktyk te verstaan en daarvolgens te lewe, selfs al moet ons ook eerlik erken dat ons nog dikwels struikel.

Die wete dat my totale menswees eintlik ’n weerspieëling van ondermeer die etiese moet wees is oordewigend. So gesien, het die etiek wel ’n baie persoonlike appél op elkeen van ons, maar met onbetwiste konsekwensies vir die gesinne en gemeenskappe waarbinne elkeen van ons lewe. Etiek is nie slegs ’n saak vir dominees en etici nie; dis ook my saak, waarvoor ek my persoonlik moet verantwoord. Gewone mense wat die etiese beginsel ernstig opneem, plaas hulle vertroue daarop dat die Woord van God die getroue lewenswandel van die gelowige uitstippel, wat die ware lewensweg aandui wat ons in Christus die Here moet oordink en bewandel.

Opvoeding in die smeltkroes

Ons lewe in ’n tyd waarin die bewussyn van die etiese grootliks

verlore geraak het. Onder invloed van die “nuwe beskouing oor die mens” word ’n geslag mense groot, wat veel groter waarde heg aan die moontlikhede wat tegnologiese vooruitgang bied, wat soveel meer mag in die mens se hande plaas. Die etiese beginsel verloor geleidelik sy krag en gelding, aangesien dit beperkinge plaas op wat as geoorloof beskou word en wat nie, en dit vertolk word as dat die mens in sy ontwikkeling na ‘groter moontlikhede’ aan bande gelê sou word. Insigself het ons hier met ’n saak van etiese belang te doen. Die plek van die etiek in menslike ontwikkeling moet vanuit die korrekte perspektief benader word, waar opvoeding onontbeerlik gemaak word, ten einde die verhouding tussen etiek en tegnologie reg te verstaan.

Slotgedagte

Doelgerigte optrede oor die handhawing van die etiese beginsel in die SA samelewing het vir ons tyd ’n baie aktuele saak geword. Die algemene toestand waarin ons land tans verkeer, vereis dat weer deeglik besin sal word oor die pad vorentoe. Die Christendom behoort hierin die leiding te neem deur hulle standpunt(e) oor etiese kwessies duidelik op die Bybelse etiese beginsel te begrond en openbaar te maak.

In sy kommentaar, na behandeling van die tiende gebod, laat Calvin hom ondermeer soos volg uit:

52. As Christus en die apostels die hoofinhoud van die wet opsom, noem hulle soms die eerste tafel nie. Sommige wil hulle woorde op altwee tafels laat slaan, maar ten onregte. Christus noem (Mat. 23:23) die swaarste van die wet: die reg en die barmhartigheid en die trou. Deur die woord trou dui Hy aan getrouheid teenoor mense.

Sommige verstaan dit as eerbied teenoor God. Maar ten onregte. Want Christus spreek hier oor die werke waardeur die mens moet bewys dat hy regverdig is. So tref ons dit ook by die profete aan. As hulle die volk vermaan om berou te hê, laat hulle die eerste tafel van die wet na en dring aan op getrouheid, barmhartigheid en regverdigheid. Hulle gaan dus nie die vrees van die Here verby nie, maar eis dat die volk deur sy werke sal betoon dat hy die Here vrees.

Vervolg van bl. 10

Die hierbo genoemde verskynsels soos motiewe, pligte, genot, ens., word eers dán werklik sedelike verskynsels wanneer hulle gegrond is in self- en naasteliefde (ook genoem persoonlikheidsliefde). Ons handeling word sedelike handeling wanneer hulle deurdring is deur persoonlikheidsliefde.

Persoonlikheidsliefde is die norm vir die sedelike handeling.

Die huidige politieke landskap

'n Gelowige kyk anders na die politieke toneel as 'n ongelowige. Gereformeerdes kyk ook dikwels weer anders na dinge as ander Christene. Want, ons probeer om alles vanuit die Skrif en die belydenisskrifte te bekyk en te beoordeel; byvoorbeeld, nie net moralisties nie. Ons kyk vanuit die gereformeerde lewens- en wêreldbeskouing.

Ons uitgangspunt in die lewe is om die Here te ken en te dien soos wat ons uit sy Woord leer dat Hy gedien wil word.

Wat sien die gelowige in SA? Om enkele dinge te noem:

- Groot verskeidenheid Christelike gelowe plus sinkretistiese en ander sektes.
- Verskeie soorte heidense gelowe, vanaf ateïste tot Moslems, Hindoes, Boeddhiste, Bahai's, ens.
- Toenemende ongeloof of eiesinnige geloof onder blankes, en kerstening onder swartmense.
- Algehele gebrek aan goeie, bekwame leierskap, om van Christelike leierskap nie eers te praat nie.

Ook sien ons talle kulture, volke, rasse, groepe, stamme, tale ... Hierdie verskeidenheid hoef nie saak te maak nie, as almal die Here sou wou dien. Noudat dit egter nie die geval is nie, kan dit maklik 'n vloek wees. Daar is min lande in die wêreld wat so heterogeen is as SA. Dit het talle nadele soos moeilike kommunikasie en verskillende vorms van werketiek, maar dan ook praktiese voordele soos dat een groep nie die land kan domineer nie. Die Here verdeel en heers.

SA het 'n ongelowige regeringsmeerderheid, met 'n beleid wat geskoei is op 'n mengsel van

ubuntu, sosialisme, materialisme, geloof in menseregte en 'n voortdurende soeke na mag. By elke persoon in die owerheidsektor, maar ook in die private sektor, sal die klem op 'n ander aspek val. Maar die Afrika- en sondige menslike instink is om na mag te strewe. Want mag is die vermoë om te doen wat jy wil, om in besit te neem wat jy wil, en om ander mense te dwing om jou wil te doen.

Gelukkig is daar ook baie teenwigtige wat magsmisbruik en wanbestuur teenstaan, soos die minderheidsgroepe, die media (ook die sosiale media), gemeenskapskragte ("civil society"), die private sektor, buitelandse druk en sakelui. En hulle kan hul weer beroep op wette, die grondwet en die handves van menseregte.

Beïnvloeding

Die kerk en die gelowiges word uitermate beïnvloed deur alles wat rondom ons gebeur, dikwels subtiel en onder die dekmantel van godsdiensvryheid. Besef ons dit?: wat TV, ander media, internet, allerlei verleidings, slegte tydverdryf en ook slegte geselskap, ongelowige onderwys en kerkloosheid aan die jeug se denke doen? Godsdiensvryheid in ons land lei daartoe dat gelowiges dikwels nie meer die aanslag van Satan teen die kerk hier raaksien nie. Die antitese het uit ons woordeskat verdwyn. (Was ons ouers en grootouers so verkeerd toe hulle fliek, dans, verkeerde vriende, reis op Sondae en kerkversuim by hulle kinders verbied het?)

Hierdie verslapping in die Christelike geloof wat ons daagliks rondom ons sien, het duidelike politieke gevolge gehad. Is die agteruitgang van die posisie van die blanke nie dalk 'n straf op

ongehoorsaamheid nie? Dit was by die Israeliete so. Waarom nie by die kerk van vandag nie? Ek sê nie dat die Here straf, omdat die blanke apartheid afgedwing het nie. Ek sê die Here straf ongeloof en ongehoorsaamheid.

Politieke toneel

In breë trekke het die politieke toneel oor die afgelope 50 jaar drasties verander.

- 50 jaar gelede was dit blank (Afrikaner) teen blank (Engelsprekende). Die swartman was vir die twee groepe blankes 'n speelbal en elkeen het beter gewet as die ander hoe om die swartman, die bruinman en die Indiër te hanteer.
- Dit het deur die jare al meer verskuif na 'n magstryd van blank vs swart. Tot 20 jaar gelede toe die swart bevolking se leiers die mag oorgeneem het.
- Vandag speel die blanke nog net 'n marginale rol in die politiek; 'n rol wat in die toekoms al kleiner gaan word— . Die blanke se rol word nog net deur sy ekonomiese mag en sy kundigheid bepaal.
- Die huidige rolspelers is swart vs swart: 'n magstryd tussen die maghebbers (die ANC-elite) en tans nog klein, maar groeiende swart opposisie-groepe (Agang, EFF, Cope), met die swart vakbonde wat alkante in die politiek betrek word.
- As die DA nog 'n rol van betekenis wil speel, sal hy deel van die swart politiek moet word. Hy probeer tans hard.
- Die ACDP (African Christian Democratic Party): Die party het bittermin invloed, maar kan getuig (soos die GPV in Neder-

Vervolg op bl. 19

land in die vorige halfeeu). En dit is belangrik om te getuig: om God se wil en Christus se soenoffer te verkondig.

Die vraag oor waarheen die politiek gaan beweeg, is nie so moeilik vir sover 'n gelowige mens kan sien nie. (’n Gelowige kan dinge eerlik, realisties raaksien, nie besoedel deur allerlei idealistiese denkbeelde, ideologieë, naïwiteite en eie persepsies nie. Want ’n gelowige sien dinge deur die bril van die Bybel – die enigste ware bril.)

- Die maghebbers wil aan die mag bly, dus moet hulle so populisties moontlik wees. Maar hulle verstaan iets van die harde ekonomiese realiteit en is in ’n mate gevoelig vir allerlei drukgroepe. Daarom onlangs ’n min of meer gebalanseerde begroting, maar nie verbeeldingryk en stimulerend en een wat koers aandui nie.
- Druk-groepe van die massa soos die EFF en die meeste vakbonde verstaan nie die ekonomie se harde realiteite nie, maar glo dat nasionalisering en die geldrolpers rykdom kan skep. Uiterste populisme! (Kyk na wat in Argentinië gebeur het.)
- Die Afrikaner wat 20-25 jaar gelede aan die bewind van sake was, het nou ’n klein minderheidsgroep geword. “Ware” Afrikaners (moenie my ’n definisie vra nie) is waarskynlik minder as ’n miljoen uit ’n totale bevolking van 53 miljoen – sê maar 2% – ongeveer soveel of selfs minder as die geskatte aantal Zimbabweërs in SA.

Ontwrigting

Iemand vertel onlangs dat iets soos 80% van al die leerlinge van die Tegniese Hoërskool John Vorster in disfunksionele huisgesinne lewe; gesinne wat nie normaal funksioneer nie. In skole

soos Wonderboom is dit dieselfde. Besef julle wat dit beteken vir die toekoms as die voorheen Christelik-sterk deel van die bevolking ontwrig grootword?

Veelvolkigheid in SA word al groter. Behalwe Zimbabweërs, kom derduisende steeds uit ander dele van Afrika ingestroom. Die Chinese word al op byna ’n halfmiljoen beraam. Ons moet maar weet dat vir solank as wat dit beter met mense in SA gaan as in ander lande in Afrika, sal die instroming voortduur.

Om die heterogeniteit nog groter te maak: verstedeliking en die gepaardgaande sosiale ontwrigting gaan voort. Dit lei meer en meer na die wet van die oerwoud en die mag van die sterkste – die stryd om oorlewing.

In die verlede was ideologieë soos sosialisme, liberalisme, kommunisme, sosiaal-nasionalisme, fascisme en nasionalisme sterk samebindende en stimulerende kragte wat lande en volke laat ontwikkel het (meesal nie ten goede nie – dink aan Wêreldoorloë I en II). Maar die tyd van hierdie soort ideologieë is verby, en die Westerse denke is postmodernisties, wat beteken daar is nie veel oortuiging meer oor wat waar en onwaar is, wat geglo en nie geglo kan word nie, of oor die sin van die lewe, die belangrikheid van waardes, betroubaarheid, kwaliteit, ens.

Vandag is die samebindende faktor die strewende na tegnologiese en materialistiese groei; individualisme (ek, ek en die res kan vrek); die soeke na eie geluk en genot, ens.

Enkele gevolge

Misdaad en korrupsie moet noodwendig bly toeneem, te wyte aan faktore soos die afwesigheid van ’n morele basis en ’n stel gesonde waardes, armoede, en sonder ’n effektiewe, moderne polisiemag. Voeg daarby die ontwrigting van mense en groepe, voortgesette

bevolkingsgroei en verarming van ’n aansienlike deel van die bevolking, en die vooruitsigte op hierdie gebied is nie goed nie.

Op die gebied van die ekonomie lyk dinge nie veel beter nie. Basies kom dit daarop neer dat SA in ’n groot mate (informele sektor uitgesluit) dryf op Westerse ekonomiese waardes (Westerse werketiek, produktiwiteit, logika, gesofistikeerdheid, tegnologie, kundigheid, eiendom- en kontrakreg).

Vir hierdie ekonomie om gesond te bly groei, moet dit gedra word deur ’n Westerse kultuur van politieke, sosiale en etiese waardes (kultuur gedefinieer as die manier waarop mense dinge doen, hul waardes, prioriteite, strewes, ens.).

Maar in SA word die Westerse ekonomie toenemend deur ’n Afrika-kultuur gedra, en dit kan nie hou nie. Óf die ekonomie val plat, óf die Afrika-kultuur moet verwesters. Laasgenoemde is besig om te gebeur, maar die vraag is of dit in voldoende mate die geval is.

Die SA-regering probeer op drie stoele sit: erkenning van die Afrika-kultuur, tradisies en gewoontes, Westerse ekonomiese waardes, en hul eie strewende na mag en rykdom.

Positief

- Onderwys, veral op tersiêre vlak, sorg vir die opkoms van ’n klas van geskoolde swartmense, baie meer as in die verlede. Ja, die onderwys is swak, maar gee geleentheid aan die slimmes om bo uit te kom.
- Die afgelopen 20 jaar het ook gewys dat daar wel groei en ontwikkeling was. Die ligte brand steeds. SA kon ’n wêreldbeker-toernooi van kwaliteit aanbied. Die Gautrein loop steeds. Die syfers wat pres. Zuma aangebied het as “we have a good story to tell”

Vervolg op bl. 20

Vervolg van bl. 19

was baie eensydig, maar baie is wel gedoen.

- Baie van die sg. "good story" is sekerlik moontlik gemaak deur blanke kundigheid. Feit van die saak is dat hierdie kundigheid nog steeds hier is en ek kan nie sien dat 'n groot deel daarvan nie hier gaan bly nie. Kyk maar na die getal blanke studente (Potchefstroom is vol van hulle, Aros ook). Die blanke besef meer as ooit dat hy moet presteer om te oorlewe. Hy moet "onmisbaar" wees. Indien nie, word hy 'n armblanke.
- Iets soos 85% van die bevolking beweer dat hulle Christene is. Dit is 'n klankbord wat in talle ander lande nie meer bestaan nie, maar waarop aanspraak gemaak kan word. Daar is geen Christen-vervolging nie, hoewel daar al meer geluide IS (veral onder blankes) wat die Christelike geloof belaglik wil maak.
- Ook ten opsigte van sending is daar steeds baie moontlikhede en geleenthede.

Ja, dinge verander, en ons het rede om pessimisties te wees. Maar die Here sorg, en die mens is aanpasbaar. Daarby is daar nog baie geleenthede. Organisasies soos

Solidariteit, maar ook sakekamers en gemeenskapsorganisasies sien geleenthede, minstens om die eie kring te onderhou.

Voorbeelde

Daar is talle geleenthede en moontlikhede om te protesteer, om druk uit te oefen, om die toepassing van die grondwet met sy menseregte en ook van talle ander wette af te dwing. Ons moet dit net op die besmoontlike manier doen deur die ander so min as moontlik te antagoniseer; deur hulle gewoontes en kultuur in ag te neem.

Sorg vir jou gemeenskap se onderwys, veiligheid, gesondheid, werkgeleenthede en dienste. Hou in stand wat jy kan.

Help, gee advies, lewer dienste wat niemand anders kan nie, om jouself, 'n mens kan byna sê, onmisbaar te maak.

Die besef bestaan wel dat die land die Christelike geloof en sy waardes, asook blanke kundigheid, nodig het. Dit moet op 'n beskeie en nederige manier benut en aangewakker word.


In my boek, *Die toekoms van SA, vir jou en my, vanaf 2014*, bespreek ek ongeveer 'n honderd faktore/aspekte, vergelyk by elk-

een die huidige posisie met 20 jaar gelede, en probeer dit vorentoe projekteer. Die netto-resultaat is effens negatief vanuit die mens beskou. Maar ons as gelowiges is altyd positief, dankbaar bly met wat die Here ons gee.

Deur Christus is ons oorwinnaars, op pad na die ewige lewe by ons Vader. Hy sorg vir ons. Hy weet van elke haar op ons hoof. Niks gebeur sonder dat Hy dit weet, bestuur en toelaat nie. Ons moet aan Hom vashou en ons plig doen. Dan kan ons die wêreld rondom ons bekyk en die politieke landskap as geïnteresseerdes, maar ook as betrokke vreemdelinge beskou.

"Hy wat in die hemel woon, lag; die Here spot met hulle (die konings en vorste van die aarde). Dan sal Hy hulle aanspreek in sy toorn, en in sy grimmigheid sal Hy hulle verskrik" (Ps 2). Ons kan saam met die Here lag. En ons sal hulle saam met Hom verskrik. Want Hy is die Groot Koning, die Almagtige. En ons mag sy kinders wees.

Rob van der Kooy

- *Praatjie gehou vir die postkategetiese jeug van Pretoria se Vrye Gereformeerde Kerke, 28 Februarie 2014* 

Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in *Roeping en Riglyne* nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

ROEPING
en
RIGLYNE

REDAKTEUR: Ds C. Bester
KERNREDAKSIE: Prof A.W.G. Raath,
Prof D.F.M. Strauss.



Die Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Van Schalkwykstraat 21, Universitas
Bloemfontein
9300 / 9301

Tel. (051) 525 2267 of
(051) 525 2341
Faks (051) 522 4513
E-pos: vcho@mjvn.co.za
Tuisblad: <http://www.vcho.co.za>

HOOFBESTUUR

Prof A.W.G. Raath (Bloemfontein, Voor-
sitter), Prof P.H. Stoker (Potchefstroom,
Ondervoorsitter), Prof E.J. van Niekerk
(Pretoria), Ds R. Bain (Potchefstroom),
Prof I.H. Horn (Pretoria), Dr H.G. Stoker
(Potchefstroom), Dr A.L.A. Buys (Pre-
toria) en Mnr M. Diedericks, (Pretoria).

Gekoöpteerde lede: Prof J.A.E. Aden-
dorff (Germiston).

Uitvoerende Beampte: Mnr H.J. Hayes